EDUDOME

Edudome (Planetarium) gaan ons skool besoek op:

17 en 18 Oktober 2017.

KOSTE: R20-00 per kind.

Hierdie interessante inligting oor ons STERRESTELSEL kan regtig aanbeveel word!

☪ ☯ ☆ ☪ ☯ ☆ ☪ ☯ ☆ ☪ ☯ ☆



☪ ☯ ☆ ☪ ☯ ☆ ☪ ☯ ☆ ☪ ☯ ☆

Steynegroete

STEYNTJIENUUSBRIEF 32

Tel: 011 902 4904 / 4726
Faks: 011 902 5502
e-pos: presteyn@mweb.co.za

28 September 2017

AKADEMIE

- Ons het aan die einde van die 3de kwartaal gekom. Ons is seker dat harde werk beloon sal word met goeie punte.

SKOOL SLUIT - **10:00**

*Die skool sluit op **29 September 2017 om 10uur** en heropen weer op **9 Oktober 2017** vir die vierde kwartaal.*
Geniet die kort vakansie en rus goed uit!

RAPPORTE

Leerders ontvang op **29 September 2017** om **09:45** hul rapporte in die klasse.

- **Slegs leerders wat by die skool is mag rapporte in die klas kry, andersins eers na 10uur.**

LW! Geen rapporte kan vroeër uitgedeel word nie!

Ons vra dat u asb u vakansiereëlings hiervolgens sal tref!

Rapporte van leerders wat siek is en wat nie by die skool is nie, kan in die area langs die kantoor afgehaal word slegs **vanaf 10:00** tot **10:10. Niks later nie!**

Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband.

OUER – BEGROTINGSVERGADERING

Ons begroting vir **2018** word op **2 November 2017** aan die ouers voorgehou.

- Ouers word gevra om die vergadering om **18:00** in die personeelkamer van die skool by te woon.
- Indien daar nie 'n kworum bereik word nie sal die 2de vergadering dan plaasvind op 16 November om 18:00.

SPORT

KRIEKET

- Geluk aan ons 0/9 en 0/10-spanne wat in die SOR Finale was.
- Ongelukkige het altwee spanne verloor maar ons was daar! Dit tel punte.

Geluk aan al ons spelers, ouers en afrigters. Ongelooflik trots op julle!

ATLETIEK

KLEUTERATLETIEKDAG: 14 OKTOBER 2017

Ons nooi ons VOORSKOOLSE KLEUTERS en ouers na ons KLEUTERATLETIEKDAG vir Gr R, RR en RRR te Laerskool President Steyn.

- Kleuterskole het reeds hul uitnodigings ontvang.

Dit gaan plaasvind op **Saterdag 14 Oktober 2017**

TYD: 08:00 vir 08:30 **M**eer inligting later!

ATLETIEK BYEENKOMSTE:

4de Kwartaal 2017

Volgende kwartaal het ons 2 byeenkomste:

Wo	18/10	TUIS teen L/S Impala
Sa	21/10	**SUPERREEKS te GERMISTON STADION**

- **Atletiek-oefening** begin op **Dinsdag 10 Oktober 2017** om **14:00 – 16:00.**

GROEPFOTOS

Soos u weet het ons groepfoto's van ons leerders geneem. Hoe kan u bestel?

- Leerders bestel foto by afrigter teen R25-00 per foto.
- U kan meer as 1 foto bestel.
- Foto's word slegs gedruk op bestelling.
- Transaksie is kontant met bestelling.
- Dit sal waardeer word as u die regte kontantbedrag saamstuur. Nie tjeks nie asseblief!
- Leerders kan foto eers by afrigter besigtig.
- **Ons het die fotos ontvang en daar kan reeds bestel word.**
- Indien u meer as 1 kind het wat foto's wil bestel, moet elkeen die regte hoeveelheid geld hê. Elke afrigter se totaal moet afsonderlik klop. Baie dankie vir u samewerking.

WISSELTROFEË PRYSUITDELING

Ons nader die einde van die jaar en ons jaarlikse prysuitdeling. Daar is nog trofeë uitstaande.

- Ons vra dat al die wisseltrofeë asb na die skool gestuur sal word voor die skool môre sluit vir die skoolvakansie.

Gr 7 – ouervergadering - 12/10

Op Donderdag 12 Oktober sal daar om 18:00 'n vergadering vir alle Gr 7-ouers in die saal wees.

- Eksamendetail ens. word bespreek.

OUERKONFLIK

As u as ouer 'n probleem het met 'n kind in die skool, moenie die kind aanspreek nie asb!

Maak 'n afspraak by die kantoor dat ons die probleem kan oplos!